| LAERSKOOL TYGERPOORT — DOELGERIG<br>BELEID EN PROSEDURE: BESTUUR VAN DIE LAERSKOOL TYGERPOORT | GOEDGEKEUR:<br>Beheerliggaam: Voorsitter<br>Hoof | 12/02/2025<br>Datum<br>*Hersien: November 2025* |
| --- | --- | --- |

**KULTUURBELEID**

## 1. DOEL

Die doel van die kultuurbeleid is om alle buite-kurrikulêre kuns- en kultuursake te koördineer, asook geleenthede te skep waardeur kuns en kultuur binne Laerskool Tygerpoort bevorder kan word.

## 2. FUNKSIES:

Die volgende kultuurfunksies word onder andere by Laerskool Tygerpoort aangebied:

### 2.1 Tygieland-koor

- 'n Tygieland-koor (graad R) word jaarliks gekies om Tygieland Kleuterskool by verskeie geleenthede te verteenwoordig.
- Die doel met hierdie koor is om die leerders reeds vroeg aan koorsang bloot te stel en sodoende hulle gehoor en intonasie te ontwikkel. So word die kwaliteit van ons junior- en seniorkoor ook bevorder.
- Oudisies word in Januarie van dieselfde jaar gedoen.
- Koorlede huur koordrag vir 'n jaar teen 'n fooi wat jaarliks aangepas word. Aan die einde van die jaar word die koorklere weer aan die skool teruggegee. Leerders wat koordrag verloor, is verantwoordelik om dit teen kosprys te vervang. Gelde word by die finansiële kantoor inbetaal.
- Slegs kleuters met 80% bywoning van oefeninge en optredes, ontvang erkenning op hul sertifikaat met die Diplomaplegtigheid.
- 'n Koorafsluiting word aan die einde van die jaar gereël.

### 2.2 Juniorkoor

- 'n Juniorkoor (graad 1-3) word jaarliks gekies om die skool op verskeie geleenthede te verteenwoordig.
- Oudisies word in die vorige jaar afgehandel.
- 'n Fooi, wat jaarliks aangepas word, word deur die koorlid vir die huur van koordrag betaal.
- Leerders wat koordrag verloor, is verantwoordelik om dit teen kosprys te vervang. Gelde word by die finansiële kantoor inbetaal.
- Slegs leerders wat ten minste 80% bywoning van optredes en oefeninge toon, ontvang 'n sertifikaat met die aantal jare diens aan die koor daarop.

### 2.3 Seniorkoor

- 'n Seniorkoor (graad 4-7) word jaarliks gekies om die skool op verskeie geleenthede te verteenwoordig.
- Oudisies word reeds in die vorige jaar afgehandel.
- 'n Fooi, wat jaarliks aangepas word, word deur koorlede betaal vir die huur van koordrag.

- Leerders wat koordrag verloor, is verantwoordelik om dit teen kosprys te vervang. Die koororganiseerder sal daardie gelde inneem en by die kantoor inbetaal.
- 'n T-hemp en koorbaadjie, wat by informele geleenthede gedra kan word, word een maal per jaar bestel. Kledingstukke word bestel nadat dit betaal is. Die kledingstukke bly die koorlid se eiendom.
- Koorlede onderteken 'n gedragskode waarin hulle onderneem om die koorreëls na te kom. (Sien bylaag A)
- Koorlede moet die jaarlikse koorkamp bywoon, om in die koor te kan sing, aangesien daar baie hard gewerk word en die agterstand te groot is, indien lede die kamp misloop.
- 'n Sertifikaat van verdienste word aan die einde van die koorjaar aan koorlede tydens saalopening oorhandig.
- Slegs leerders wat ten minste 80% bywoning van optredes en oefeninge gehad het, ontvang 'n sertifikaat met die aantal jare diens aan die koor daarop.
- 'n Afsluitingsfunksie, wat deur die organiseerders gereël word, word aan die einde van die koorjaar gehou.

## 2.4 Marimba-orkes

'n Marimba-orkes word as buite-kurrikulêre aktiwiteit aan ons leerders aangebied.
Die doel van die Marimba-orkes is om:

- Die leerders bloot te stel aan 'n nuwe perkussie-instrument wat nie by alle skole aangebied word nie.
- Vaardighede soos hand-oog-koördinasie te ontwikkel, ontwikkeling van geheue, groot- en klein motoriese ontwikkeling.
- Om dissipline aan te leer en selfvertroue aan te wakker.

Dit gee 'n nuwe dimensie vir die kultuur by die skool. Die afrigting en logistieke reëlings word deur personeel hanteer. Oefening vind in die middae na skool plaas.

<u>Teikengroep</u>
Leerders vanaf graad 2-7 kan deel vorm van die groep. Koorlede kry voorkeur.

<u>Identifisering</u>
Leerders sal 'n keuringsproses deurgaan. Musikaliteit en goeie gehoor is noodsaaklik.

<u>Kostes</u>
'n Minimale fooi om die kleredrag by die skool te huur, word verhaal.

<u>Drag</u>
Kleredrag sal deur die organiseerders bepaal word, nadat dit deur die klerekomitee goedgekeur is.

## 2.5 Redevoering

Gala-aande word gehou vir die grondslagfase, vir graad 4-5 en vir graad 6-7 afsonderlik. Al die aande word op dieselfde wyse georganiseer en hanteer. Die beoordelaars hoef nie al drie aande dieselfde te wees nie.

### 2.5.1 Grondslagfase (graad 1-3)

- Alle leerders van graad 1-3 is verplig om 'n praatjie (ATKV-temas) in klasse te lewer.
- Praatjie moet **verkieslik** beredenerend wees, maar leerders sal nie in klasse gepenaliseer word, indien dit nie is nie. Hulle sal egter NIE na die volgende rondte deurdring NIE.
- Klasvoogde stuur die belowende sprekers na die uitdunne, wat deur onpartydige buitebeoordelaars hanteer word. Daar is nie 'n beperking op die getal leerders wat klasvoogde mag deurstuur nie. Dit moet 'n beredenerende toespraak wees.
- Een buitebeoordelaar, wat geen verbintenis het met Laerskool Tygerpoort nie, kies tien leerders per graad om na die gala-aande deur te dring.
- Die beoordelaars van die uitdunrondte is nie dieselfde persone as die wat gala-aande beoordeel nie.

- Uitdunne vir die grondslagfase word so ver moontlik tydens skooltye gehou. Tye sal met leerders en beoordelaars gereël word. GEEN ouers mag tydens uitdunrondtes insit en luister nie. Slegs die organiseerder van die Grondslagfase Redevoering, haar helpers en die beoordelaars mag met uitdunrondtes teenwoordig wees.

**2.5.2 Intermediêre- en Seniorfase (graad 4-7)**

- **Leerders skryf vrywillig in om aan die redevoering deel te neem.**
- 'n Inskrywingsfooi kan gehef word om onkostes te dek.
- Die organiseerders kan besluit na gelang van inskrywings of uitdunne wel gaan plaasvind.
- Indien die uitdunne nie gaan plaasvind nie, sal leerders direk na die gala-aand deurdring. Al die sprekers gaan verplig word om voor die programme gedruk en gefinaliseer word, hul toesprake elektronies aan organiseerders te stuur of persoonlik in te handig.
- Indien daar wel uitdunne plaasvind sal daar van een beoordelaar gebruik gemaak word wat twaalf leerders per graad kies of 24 leerders per afdeling om na die gala-aande deur te dring.
- Die beoordelaars van die uitdunrondte is nie dieselfde persone wat as beoordelaars by die gala-aande optree nie. **Hierdie beoordelaars het ook geen verbintenis of betrokkenheid met Laerskool Tygerpoort nie.** Die organiseerder moet seker maak dat beoordelaars geen verbintenis met Laerskool Tygerpoort het nie.
- Uitdunne vir die Intermediêre- en Seniorfase vind na skool plaas. GEEN ouers mag tydens uitdunrondtes insit en luister nie. Slegs die organiseerder van die Intersenfase Redevoering, helpers en die beoordelaars is teenwoordig met uitdunrondtes.

**2.5.3 Beoordelaars vir Gala-aande**

- Tydens die onderskeie **gala-aande**, word daar van bekwame **ATKV-beoordelaars** gebruik gemaak.
- **Beoordelaars het hier ook geen verbintenis of betrokkenheid met Laerskool Tygerpoort nie.**
- Beoordelaars kan slegs elke derde jaar of meer by 'n afdeling kom beoordeel.
- **Uitslag van die beoordelaars is finaal en kan nie verander word nie.**
- Daar moet drie beoordelaars wees wat by elke geleentheid beoordeel.
- Daar sal geen veranderinge deur die rekenaaroperateur aangebring word, nadat beoordelaarsverslae ontvang is nie. Uitdrukke dien as finale uitslag.
- Algemene reëls word voor die aand begin aan beoordelaars gegee en verduidelik, sodat daar geen verwarring is nie.

**2.5.4 Deelnemers**

- Die tien beste sprekers uit elke graad, soos deur die eerste rondte se beoordelaars aangewys, neem by die gala-aand deel in die GSF.
- 'n Maksimum van twaalf sprekers uit elke graad of 24 sprekers uit elke afdeling, neem by die gala-aand(e) deel in die ISF.
- Daar sal 2 aande vir die ISF gehou word, 1 aand vir graad 4-5 en 1 aand vir graad 6-7.
- Sprekers lewer tydens die **gala-aande <u>net</u> voorbereide toesprake.**
- Die organiseerders sal afrondings- en opleidingsessies (vir voorbereide en onvoorbereide toesprake, asook vrae) na afloop van die gala-aande reël sodat leerders gereed is vir die ATKV-kompetisie.
- Kursusse en inligtingstukke sal aan ouers en leerders beskikbaar gestel word om hulle te bemagtig.
- Volgorde van deelname word bepaal, voordat die program opgestel word, deur lootjies te trek.
- Daar word 'n graadwenner in elke graad aangewys.
- **Twaalf leerders per afdeling word aangewys.** (Hierdie getal kan wissel en word bereken op ons skool se leerdergetal).
- Kandidate in 'n afdeling wat die hoogste gemiddelde persentasie per afdeling behaal, kwalifiseer om die skool by die **ATKV** te verteenwoordig.

**2.5.5 Puntestate**

- Puntestate, soortgelyk aan die wat die ATKV gebruik, word gebruik.
- Elke beoordelaar gee 'n punt uit 100 aan 'n deelnemer.
- Daar sal ook van 'n tydhouer gebruik gemaak word om tyd te hou. Die tyd sal ook op spreker se repliekvorm aangedui word.
- 'n Gemiddelde punt van al drie beoordelaars bepaal die finale punt van elke deelnemer.
- Tydens onderskeie **gala-aande** word die punte elektronies verwerk, om foute uit te skakel.
- Sprekers sal elk 'n beoordelaar-opmerkingsvorm (repliek) ontvang.
- **Puntestate** word vir 'n **jaar lank** deur die organiseerders gehou.
- **Oorspronklike beoordelaarsverslae en uitdrukke word ook vir een jaar lank gehou.**
- **Geen punte word aan ouers bekend gemaak nie.**

**2.5.6 Toekennings**

- **Elke deelnemer aan die gala-aande ontvang 'n sertifikaat.**
- **Graadwenners** ontvang elk 'n klein trofee.
- Twaalf sprekers uit elke afdeling, wat die skool by die ATKV verteenwoordig, ontvang 'n medalje.
- Die getal sprekers wat die skool by die ATKV verteenwoordig, word deur aantal leerders van ons skool bepaal.

**2.5.7 ATKV-deelnemers**

- Graad 1-3: **Geen** onvoorbereide vrae of toesprake by **ATKV nie.**
- Graad 4 en -5 ontvang 'n **onvoorbereide vraag** by die ATKV, indien hulle op grond van hul voorbereide praatjies gekies word.
- Graad 6 en -7 lewer almal 'n **onvoorbereide toespraak** by die ATKV.
- Leerders wat gekies word om die skool by die ATKV te verteenwoordig moet hulself verbind tot die kompetisie en sal nie toegelaat word om te onttrek nie. Indien 'n leerder 'n geldige rede het, sal 'n leerder met die volgende beste punt in die afdeling gekies word om die skool by die ATKV te verteenwoordig.

**2.5.8 Ander kompetisies**

- Die volgende kompetisies sal in ag geneem word met die berekening van toekennings tydens die merietefunksie, nl. ATKV-Redenaars (nie ATKV-DigiPraat of ATKV-Digi-Spanpraat nie), Radikale Redenaars, Oppie Tong Af Redenaars en Kansvatter (slegs ervare afdeling) (soos in die nuusbrief).
- In bg. kompetisies word erkenning gegee vir die afdeling: Oorredende toesprake (Afrikaans; Engels; tweetalig; voorbereid; onvoorbereid; spanne)
- Organiseerders kan ook besluit om aan interskole-kompetisies deel te neem, wat dan volgens hul diskresie ook bygereken kan word.

**2.5.9 Merietetoekennings**

Tydens onderskeie **Merietefunkies**, word die volgende trofeë en medaljes oorhandig:

- Divan J. v. Rensburg-Wisseltrofee vir die Beste redenaar in graad 1-3.
- Andriëtte Beukes-Wisseltrofee vir die Beste junior redenaar, graad 4-5.
- Liana Beukes-Wisseltrofee vir die Beste senior redenaar, graad 6-7.
- Wisseltrofee vir die veelsydigste redenaar, graad 1-7.
- Deelnemers wat aan enige van die kompetisies, soos gespesifiseer, uitgesonder word op provinsiale (streeksvlak) en nasionale vlak, ontvang 'n medalje.

**2.5.10 Berekening van trofeë-wenners**

- Punte word toegeken volgens deelname en prestasies by die volgende kompetisies:
- Interne redevoeringskompetisie (Gala-aand), ATKV-Redenaars, Oppie Tong Af Redenaars, Radikale Redenaars en Kansvatter Redenaars.
- Die afdelings wat deur die skool erken word, is Afrikaans, Engels en Tweetalig Voorbereid (oorredende toespraak) en Afrikaans, Engels en Tweetalig Onvoorbereid (oorredende toespraak). In Kansvatter Redenaars word slegs die ervare afdeling erken vir meriete-doeleindes.
- Enige verdere individuele item of kompetisie wat deur die skool erken word, sal jaarliks in die nuusbrief aangekondig word.
- Indien leerders om watter rede ookal onttrek, kry hulle nie die punt nie, selfs al het hulle vir 'n bepaalde kompetisie of vlak gekwalifiseer.

**2.5.10.1 Kriteria vir toekenning van die volgende trofeë.**

- Divan J. v. Rensburg-Wisseltrofee vir die **Beste redenaar**, graad 1-3.
- Andriëtte Beukes-Wisseltrofee vir die **Beste junior redenaar**, graad 4-5.
- Liana Beukes-Wisseltrofee vir die **Beste senior redenaar**, graad 6-7.

- Puntetoekenning vir die Beste Redenaarstrofeë (graad 1-3, graad 4-5, en graad 6-7) word deur individuele prestasies bepaal.
- Slegs die beste prestasie **per kompetisie** word in berekening gebring vir die bogenoemde toekennings. (Nie per afdeling nie)
- Spanredenaars word ook erken vir bogenoemde toekennings. Spanlede kry net eenmalig 'n punt vir die span se beste prestasie tydens <u>al</u> die erkende kompetisies **gesamentlik**, in die berekening vir die individuele toekennings.
- In geval van 'n staking van punte, word die verdere posisies wat in ATKV behaal is, eerste in berekening gebring. Daarna word ander verdere posisies in alle ander geaffilieerde kompetisies in berekening gebring. Indien daar steeds 'n staking is, word nie-geaffilieerde kompetisies se prestasie in berekening gebring.

**2.5.10.2 Kriteria vir toekenning van die Wisseltrofee vir die veelsydigste redenaar (graad 1-7).**

- Puntetoekenning vir die bogenoemde trofee word deur individuele prestasies bepaal.
- Punte word toegeken volgens deelname en prestasies vir alle afdelings waaraan deelgeneem is. (Nie net eenmalig per kompetisie nie)
- Spanredenaars word ook erken vir bogenoemde toekennings. Spanlede kry net eenmalig 'n punt vir die span se beste prestasie tydens <u>al</u> die erkende kompetisies **gesamentlik**, in die berekening vir die individuele toekennings.
- In geval van 'n staking van punte, word die verdere posisies wat in ATKV behaal is, eerste in berekening gebring. Daarna word ander verdere posisies in alle ander geaffilieerde kompetisies in berekening gebring. Indien daar steeds 'n staking is, word nie-geaffilieerde kompetisies se prestasie in berekening gebring.
- Sprekers moet aan 'n minimumvereiste van drie verskillende afdelings voldoen, voordat die toekenning gemaak word.
- Dieselfde puntetabel word vir alle trofeetoekennings gebruik.
- Indien daar 'n staking van punte is, word alle ander kompetisies, kunsfeeste en redenaarsklub waaraan die leerder deelgeneem het, in ag geneem. (Ook die waarvoor die skool nie geaffilieer het nie). Indien die punte steeds gelyk is, word die trofee gedeel.
- 'n Uiteensetting van die trofeewenners se puntestand kan aan die ouers bekend gemaak word, sou daar navraag gedoen word. Dit is slegs met uitsondering.
- Slegs die hoogste prestasie in die Redevoering behaal, word in aanmerking geneem vir toekenning van die kultuurtrofee.

| Punte-tabel | **Kompetisie en vlak van prestasie**<br>(Spreker verwerf slegs 'n punt vir die hoogste vlak van prestasie per kompetisie in die berekening vir die individuele toekennings) |
|---|---|
| **Punte:** | **Interne kompetisie (Gala-aand)** |
| 2 | Deelname aan uitdunrondte (GSF) |
| 3 | Deelname aan gala-aand |
| 5 | Deelname aan gala-aand en graadwenner |
| **Punte:** | **ATKV** |
| 10 | Deelname ATKV-1ste rondte |
| 15 | Deelname ATKV-Semifinaal (Provinsiaal) |
| 20 | Deelname ATKV-Finaal (Nasionaal) |
| 23 | ATKV-Finaal (Nasionaal) derde plek |
| 24 | ATKV-Finaal (Nasionaal) tweede plek |
| 25 | ATKV-Finaal (Nasionaal) eerste plek |
| **Punte:** | **Ander kompetisies**<br>**Beste Redenaarstrofeë:** Slegs die beste prestasie per kompetisie word in berekening gebring - nie per afdeling nie.<br>**Veelsydigste redenaar:** Prestasies vir alle afdelings waaraan deelgeneem is word in berekening gebring. (Nie net eenmalig per kompetisie nie) |
| 3 | Deelname aan individuele items soos hierbo uiteengesit is, vir 3 kompetisies:<br>Oppie Tong af, Kansvatter Redenaars (ervare afdeling) en Radikale Redenaars.<br>Deelname aan interskole-kompetisies of ander kompetisies soos skool besluit en wat deur skool ingeskryf is. |
| 8 | Deelname Semifinaal (Provinsiaal) |
| 15 | Deelname Finaal (Nasionaal) |
| 18 | Finaal (Nasionaal) derde plek |
| 19 | Finaal (Nasionaal) tweede plek |
| 20 | Finaal (Nasionaal) eerste plek |
| **Punte:** | **Spanredenaarskompetisies:**<br>('n Eenmalige punt vir die span se beste prestasie tydens al die erkende kompetisies gesamentlik word toegeken) |
| 2 | Deelname |
| 3 | Deelname Semifinaal (Provinsiaal) |
| 4 | Deelname Finaal (Nasionaal) |
| 5 | Finaal (Nasionaal) Plek 1-3 |

### 2.5.11 Spanredenaars

- Spanredenaars word aangemoedig by die skool.
- Leerders wat aan spanredenaars wil deelneem, kies hulle eie spanne.
- Ouers is self verantwoordelik vir die skryf van toesprake. Afrigters en organiseerders kan ouers verwys na persone wat toesprake skryf.
- Spanne wat aan enige van die kompetisies, soos gespesifiseer, uitgesonder word op provinsiale (streeksvlak) en nasionale vlak, ontvang 'n medalje.

### 2.5.12 Redenaarsklub-beleid

- Die Redenaarsklub sal 'n holistiese benadering volg en bydra tot die ontwikkeling van leerders se vermoë om individueel en in spanne te praat en te redeneer.
- Die redenaarsklub funksioneer as buite-aktiwiteit.
- Redenaarsklub sluit met die skool kontrak vir huur van lokaal.
- Redenaarsklub sluit ook met leerders direk kontrak ten opsigte van tyd en kostes.

## 2.6 Revue/Talentaande/ Kersspel/Operette

- Groot produksies word op 'n gereelde basis gereël, indien die begroting dit toelaat.
- In die jaar waarin daar nie 'n groot produksie gereël word nie, word daar kleiner aktiwiteite gereël.
- 'n Groot produksie word beskou as 'n revue, Kersspel of operette waar massadeelname die doelwit is.
- Groot produksies word elke alternatiewe jaar deur die GSF en ISF om die beurt aangebied.

## 2.7 Eisteddfod/ kunswedstryde/ kunstefeeste

- Geleenthede word aan leerders gebied om aan Pretoria Eisteddfod, Centurion Kunstefees of die Kinnerkunsfees in die volgende afdelings deel te neem: instrumentaal, vokaal, drama en beeldende kuns. Daar word gepoog om soveel leerders moontlik die geleentheid te gee om deel te neem.
- Die kultuurhoof is verantwoordelik om by die betrokke kunstefeeste waaraan deelgeneem gaan word, te affilieer.
- Inskrywings vir die Centurion Kunstefees is vrywillige inskrywing deur ouers, waardeur die skool vir die leerders wat nie aan die Pretoria Eisteddfod deelgeneem het nie, wel geleentheid gee om by die Centurion Kunstefees deel te neem. Dit bewerkstellig dan meer leerderbetrokkenheid en geleenthede aan meer leerders. Die ouers van leerders wat ingeskryf het, is verantwoordelik vir die afrigting van die leerders.
- Die leerders wat vir Pretoria Eisteddfod gekies is, gaan nie weer geleentheid kry om by die Centurion Kunstefees deel te neem nie. Ons gee aan 5 ander leerders per graad geleentheid.
- Prestasies by Centurion Kunstefees sal ook in aanmerking geneem word vir die toekenning van die kultuurtrofeë, indien die leerder nie geleentheid by die Pretoria Eisteddfod gekry het nie. Die hoogste prestasie tel.
- Die skool se beste leerders sal gekies word vir deelname aan die Pretoria Eisteddfod.
- Keuringsproses sal vir grondslagfase op die fasevergadering bespreek word, terwyl die intersenfase-organiseerders dit onder mekaar sal bespreek. Die kultuurhoof sal kennis dra van die keuringsprosesse wat gevolg sal word.
- Die kultuurhoof sal vir die Centurion Kunstefees affilieer en sy sal aan iemand die verantwoordelikheid gee om die inskrywings en kommunikasie aan ouers te behartig.
- Beoordelaars, asook persone betrokke by die verwerking van punte, het geen verbintenis of betrokkenheid met Laerskool Tygerpoort nie.
- Uitslae word na afloop van deelname deur die organiseerder in die nuusbrief geplaas.
- Punte en puntestate word nie aan die ouers bekend gemaak nie.
- Die beslissing van die beoordelaars is finaal.

### 2.7.1 Solosang

- Leerders word nie deur die skool afgerig of begelei nie.
- Leerders wat wil inskryf, kan deur die skool, wat reeds geaffilieer is, inskryf.

### 2.7.2 Voordrag

- Leerders van graad R-7 neem deel aan Afrikaans of Engels of Afrikaans én Engels. (Sien algemene reëls)
- Daar is 'n organiseerder wat verantwoordelik is om kommunikasie, betalings en konsolidering van inskrywings te hanteer.
- Daar is 'n sameroeper vir graad R, graad 1-3, graad 4-5 en graad 6-7.
- Keuringsproses sal vir grondslagfase op die fasevergadering bespreek word terwyl die Intersenfase-sameroepers dit onder mekaar sal bespreek. Die kultuurhoof sal kennis dra van die keuringsprosesse wat gevolg sal word.
- Inskrywingsgeld word deur die d6 toep inbetaal. Personeel verantwoordelik moet gelde kontroleer, voordat kandidate ingeskryf word.

- Personeel betrokke is verantwoordelik om leerders te help met die uitsoek van 'n gedig en afrigting.
- Kontrole van deelnemerstrokies word deur die organiseerder gedoen.
- Deelnemerstrokies word aan leerders uitgedeel en afgemerk. Dit is belangrik dat leerders die strokies saamneem wanneer hulle optree.
- Kleredrag: Skooldrag
- Sertifikate word na afloop van deelname in die saal uitgedeel.
- Uitslae word na afloop van deelname deur die organiseerder in die nuusbrief geplaas.
- Leerders ontvang nie weer 'n sertifikaat van die skool nie, omdat hulle reeds 'n sertifikaat van die organiseerders ontvang het.
- Enige probleme word met die kultuurhoof bespreek.

### 2.7.3 Beeldende Kuns

- Leerders van graad R-7 kan deelneem aan die beeldende kuns of uitstallings waaraan die skool die betrokke jaar gaan deelneem.
- Daar is een organiseerder vir al die kunsuitstallings.
- Inskrywingsgeld word deur die d6 toep inbetaal. Personeel verantwoordelik moet gelde kontroleer voordat kandidate ingeskryf word.
- Organiseerder is verantwoordelik om inligting oor die uitstalling in die nuusbrief te plaas en om die kunswerke in te neem en by die uitstalling te besorg.
- Sertifikate word na afloop van deelname in die saal uitgedeel.
- Uitslae word na afloop van deelname deur die organiseerder in die nuusbrief geplaas.
- Leerders ontvang nie weer 'n sertifikaat van die skool nie, omdat hulle reeds 'n sertifikaat van die organiseerders ontvang het.
- Enige probleme word met die kultuurhoof bespreek.

## 2.8 Skoolkoerant

- Hantering van die skoolkoerant en samestelling van 'n jaarlikse redaksie word deur 'n personeellid en 'n komitee behartig.
- Uitgawes sal in kwartaal 1 en 3 verskyn.
- Leerders wat op die redaksie dien, ontvang aan die einde van kwartaal 3 'n sertifikaat van verdienste wat tydens 'n saalopening oorhandig word.
- 'n Personeellid van Tygieland is verantwoordelik vir die skryf van berigte en die voorsien van foto's van gebeure en aktiwiteite by Tygieland.

## 2.9 Verenigende Christelike Studentevereniging (VCSV)

- 'n VCSV-komitee met aangewysde organiseerder is verantwoordelik om VCSV te hanteer.
- VCSV vind plaas op Woensdae tweede pouse. Komitee-lede is verantwoordelik om teenwoordig te wees tydens hierdie sessies. (Terreindiens moet uitgeruil word, sodat personeel beskikbaar is)
- Kringleiers word geallokeer om personeel by te staan in hul diensbeurte. (Graad 6- en 7-leerders word aangewys deur die komitee)
- Die organiseerder is verantwoordelik om reëlings t.o.v. klank te tref.
- Die organiseerder reël twee keer 'n jaar 'n uitreikaksie of sanger wat die leerders kan kom bedien by VCSV . Dit sal dan in Gewyde Sang geskied.
- Die organiseerder hou ook die kultuurhoof op datum van alle voorstelle.
- Kringleiers moet teenwoordig wees tydens die verrigtinge en diensbaar wees tydens uitreik geleenthede.
- Die Kringleiers ontvang in kwartaal 4 een positiewe inskrywing vir deelname aan aktiwiteit per kwartaal.
- Die VCSV-groep reël elke jaar een lofprysings geleentheid vir alle leerders van die skool waar ons almal net Jesus loof en prys.

## 2.10 Voortrekkers

Die Voortrekkers is 'n kultuurbeweging vir lede van die Afrikanervolk, in besonder sy jeug, gerig deur 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing tot 'n lewenswyse van eer aan God en diens aan volk, land en medemens.

Die Voortrekkers gebruik 'n spanstelsel vir sy werksaamhede. 'n Aantal maats van dieselfde portuurgroep en verkieslik van dieselfde geslag, vorm 'n span saam met 'n volwassene om die voorgestelde werk (graadwielwerk en spesialisasies) by onder andere spanbyeenkomste, te doen. Hierdie stelsel bied die geleentheid om mekaar in klein groepies te vorm en om vrymoedigheid tot deelname te oefen.

Die Voortrekkers het 'n gestruktureerde kurrikulum wat deur volwassenes aan die jeuglede aangebied word. Die kurrikulum is geskoei op Afrikanerskap, Burgerskap, Christenskap en Diensbaarheid. Daar word elke jaar 'n graadwiel toegeken aan jeuglede wat die kurrikulum vir die jaar suksesvol voltooi het. Daar is ook 'n gestruktureerde stelsel van verskeie spesialisasies wat jeuglede kan doen. Elke spesialisasie het 'n eie stel vereistes en aktiwiteite wat voltooi en beoordeel moet word en dit word met 'n spesialisasie kenteken beloon.

### 2.10.1 Toekennings

- Jeuglede ontvang aan die einde van elke jaar 'n graadwiel vir erkenning van afhandeling van kurrikulum. Hierdie toekennings word deur die Voortrekkers beoordeel en uitgedeel.
- Jeuglede ontvang aan die einde van elke jaar 'n juk as erkenning vir bywoning / lidmaatskap. Hierdie toekennings word deur die Voortrekkers beoordeel en uitgedeel.
- Jeuglede ontvang per geleentheid spesialisasie-kentekens wanneer aan die vereistes vir 'n spesialisasie voldoen word. Hierdie toekennings word deur die Voortrekkers beoordeel en uitgedeel. Die Voortrekkers poog om 1 maal per jaar spesialisasie-kentekens tydens 'n saalopeningsgeleentheid by die skool uit te deel.
- Graad 7-Voortrekkers kry die geleentheid om in te skryf om getoets te word vir die Voorslagtoekenning. Kennis, vaardigheid en gesindheid word geëvalueer en indien die kandidaat slaag, word die toekenning in goud, silwer of brons verwerf. Hierdie toekennings word op nasionale vlak deur die Voortrekkers geëvalueer en toegeken. Leerders wat die Voorslagtoekenning in goud verwerf, ontvang 'n medalje tydens die merietefunksie.
- Jeuglede wat die minimum of meer bywoningspunte behaal het vir die jaar, ontvang in die vierde kwartaal 'n deelname-sertifikaat van die skool.
- Minimum deelnamepunte:
  - Graad R-3 = 50
  - Graad 4-7 = 60
- Jeuglede wat kwalifiseer vir 'n deelname-sertifikaat, kwalifiseer vir punte wat vir die merietefunksie in berekening gebring word vir die hoofkultuurtoekennings

  Merietepunte:

| | |
|---|---|
| Lid en 30-39 bywoningspunte | 8 punte |
| Lid en 40-49 bywoningspunte | 9 punte |
| Lid en 50 + bywoningspunte | 10 punte |

## 2.11 Tygie-toneel

- In samewerking met die drama-ateljee en produksiehuis, "Die Werkende Akteurs Klub" (W.A.C.K.) word 'n toneelgroep saamgestel uit leerders van ons skool. Leerders vind baat by hierdie aktiwiteit omdat dit aan hulle baie goeie blootstelling gee. Dit bied 'n geleentheid om hul kultuurtalente te kan slyp en uitleef. Dit is 'n addisionele platform om te presteer.

- Die skool bied ondersteuning aan hierdie groep deur 'n finansiële bydrae te maak om koste van die inskrywingsfooi, teks, dekor, rekwisiete, klank en beligting te dra. Die ouers dra by om afrigting en regie se fooie te dra. Die fooi wat die skool dra, sal jaarliks bepaal word deur samespreking tussen die skool (kultuurhoof) en W.A.C.K.
- Repetisies word by die skool gedoen
- Daar sal jaarliks heroorweeg word, of die aktiwiteit sal voorgaan of nie. 'n Kontrak sal jaarliks met die ateljee gesluit word om die voorwaardes te bepaal.
- Die aktiwiteit word in die nuusbrief geadverteer en oudisies word deur die regisseur en aangewysde personeel van die skool gedoen.
- Leerders ontvang na afloop van die kompetisie 'n deelnamesertifikaat van die skool af.

**2.12 Pom-poms**

- Hierdie aktiwiteit is gemik op dogters in die grondslagfase. Daar word 'n klein groepie dogters gekies, nadat oudisies gehou is om dansies soos "cheerleaders" te doen. Die skool koop pom-poms aan wat skooleiendom bly. Ouers dra die kostuumkostes. Leerders wat die hele jaar aan die aktiwiteit deelneem, ontvang aan die einde van die jaar 'n deelnamesertifikaat.
- Daar sal jaarliks oudisies gehou word volgens streng kriteria vir huidige en nuwe leerders. Dit is nie 'n gegewe indien u kind in die span was dat hulle weer gekies gaan word nie.
- Die leerders word bepunt/evalueer op die volgende: spontaniteit, ritme, danstegniek, soepelheid, memorisering van bewegings, eie dans/bewegings en spanwerk.
- Afwesigheid tydens oefening en optredes: Elke danser word 3 afwesighede met 'n geldige verskoning gegun om steeds in die span te bly. Indien leerders meer as 3 oefeninge mis sonder geldige verskonings kan die leerders 'n waarskuwing kry of hulle plek in die span verloor. Oefeninge word baie ernstig opgeneem omdat die dogters spesifieke plekke in 'n roetine het en dit die aanleer van nuwe bewegings baie moeilik maak indien daar te veel afwesighede is.
- Oefeninge vind meestal plaas op Vrydae, maar ekstra oefeninge sal bygevoeg word indien ons nader aan 'n optrede is.
- Oefentye word slegs volgens die skool se nuusbrief uitgewerk en nie volgens buite aktiwiteite nie.
- Slegs leerders wat ten minste 80% bywoning van optredes en oefeninge gehad het, ontvang 'n deelname-sertifikaat

**2.13 Revue-groep**

- 'n Senior revue-groep (graad 5-7) word jaarliks gekies om die skool op verskeie kompetisies te verteenwoordig.
- Oudisies word reeds in die vorige jaar afgehandel.
- 'n Fooi, wat jaarliks aangepas word, word deur lede betaal vir die kostuums, deelname en informele drag. 'n Deposito word in die vorige jaar se kwartaal 4 betaal.
- 'n T-hemp, wat by informele geleenthede gedra kan word, word een maal per jaar bestel. Kostuums word bestel nadat dit betaal is. Die kostuums bly die lid se eiendom.
- Revue-lede onderteken 'n gedragskode waarin hulle onderneem om die revue-reëls na te kom. (Sien bylaag A)
- 'n Sertifikaat van verdienste word aan die einde van die revue-jaar aan lede tydens saalopening oorhandig.
- Prestasies by verskeie kompetisies sal oorweeg word vir addisionele meriete.
- 'n Afsluitingsfunksie, wat deur die organiseerders gereël word, word aan die einde van die revue-jaar gehou.

**2.14 Lofprysingsdansers**

- Doel van die groep: Die Lofprysingsdansers is 'n kultuuraktiwiteit wat daarop gemik is om God deur dans te eer en terselfdertyd die skool se beeld positief uit te dra. Die groep bied aan grondslagfase-leerders die geleentheid om hul talente te ontwikkel en selfvertroue te bou.

- Oefentye: Die groep oefen elke Dinsdag tydens wagklas.
- Leerders moet betyds wees en gereeld aan oefeninge deelneem.
- Deelname: Leerders van graad 2 en 3 kan deelneem. Deelname is vrywillig, maar leerders moet gemotiveerd wees en in staat wees om aan dansaktiwiteite deel te neem met die nodige ritme. Ouers moet toestemming gee vir deelname.
- Optredes: Die lofprysingsdansers tree op tydens skoolgeleenthede, kultuuraande en by ouetehuise om vreugde en inspirasie te deel. Optredes dra by tot die bevordering van die skool se beeld en waardes.
- Klere en bydraes: Ouers is verantwoordelik vir die aankoop van klere soos deur die groep of afrigter bepaal. Klere moet netjies, gepas en in ooreenstemming met die groep se tema wees.
- Gedragsreëls: Leerders moet dissipline handhaaf en respek toon teenoor afrigter, lede en personeel. Alle optredes moet met eerbied en 'n positiewe gesindheid uitgevoer word.
- Toetrede: Leerders wat belangstel kan self by die lofprysingsdansers inskakel deur met die afrigter kontak te maak. Die afrigter behou die prerogatief, om die aantal deelnemers waarvoor daar plek is, te bepaal.
- Slegs leerders wat ten minste 80% bywoning van optredes en oefeninge gehad het, ontvang 'n deelname-sertifikaat aan die einde van die jaar.

## 3. KULTUURTOEKENNINGS

Daar word jaarliks groeps- en individuele kultuurtoekennings tydens die buite-kurrikulêre merietefunksie gemaak.

**Die volgende trofeë en medaljes word oorhandig tydens die merietefunksie:**

- Junior-kultuurseun / Junior-kultuurdogter (graad 1-3)
- Senior-kultuurseun / Senior-kultuurdogter (graad 4-7)
- Beste Grondslagfase Redenaar (graad 1-3)
- Beste Juniorredenaar (graad 4-5)
- Beste Seniorredenaar (graad 6-7)
- Leerders wat by enige skoolgeaffilieerde kultuuraktiwiteit uitgesonder word op provinsiale en nasionale vlak, ontvang 'n medalje.
- Leerders wat by die Pretoria Eisteddfod, of enige Kunstefees wat deur die skool geakkrediteer word en by die punte gereken word, 'n trofeewenner was, ontvang 'n medalje.
- Die leerder ontvang 'n medalje vir die hoogste prestasie behaal.
- Koorlede wat van graad 1 tot 7 getrou aan die kooraktiwiteite deelgeneem het, ontvang 'n medalje. Nuwe leerders wat van ander skole af kom, moet bewys kan lewer dat hulle in hul vorige skole wel deel van die koor was.
- Leerders wat die voorslagtoekenning in goud verwerf, ontvang 'n medalje.

'n Junior-kultuurseun en -dogter en Senior-kultuurseun en -dogter word jaarliks aangewys. Toekennings geskied volgens die volgende puntestelsel:

**Kriteria vir merietetoekennings:**

- 'n Minimum hoeveelheid punte moet behaal word, voordat 'n kandidaat in aanmerking geneem kan word as kultuurseun / -dogter. Die minimumvereiste sal jaarliks bepaal word.
- Die kultuurtrofee word toegeken aan die leerder met die hoogste puntetotaal vir al die skool-erkende kultuuraktiwiteite waarvan bewys gelewer is.
- Indien daar 'n staking van punte vir kultuurseun- of -dogtertoekenning is, word een addisionele punt per aktiwiteit verreken. Daarna tree 3.2 in werking. **Dit moedig veelsydigheid aan.**
- Indien daar 'n staking van punte is, sal punte toegeken word vir kultuuraktiwiteite waaraan die betrokke leerlinge buite skoolverband deelgeneem het, soos uiteengesit in afdeling 3.2.

## TROFEË

## 3.1 Binne-skoolverband

### 3.1.1 Koor: (Junior- en Seniorkoor)

| | |
|---|---|
| Getroue deelname | 20 punte |

- Getroue bywoning van oefeninge en optredes is 'n vereiste.
- 'n Leerder wat van 'n ander skool kom, moet bewys lewer dat hy/sy in die vorige skool se koor gesing het.
- Indien 'n kompetisie gewen word, kan addisionele punte as volg verdien word:

| | |
|---|---|
| Streekswenners | 5 punte |
| 2de plek in die streek | 3 punte |
| 3de plek in die streek | 1 punt |
| Nasionale wenners | 10 punte |
| 2de plek nasionaal | 6 punte |
| 3de plek nasionaal | 2 punte |

- Vir die kriteria vir puntetoekennings wat gemaak word vir deelname aan die Pretoria Kinderkoor en/of Streekkoor word verwys na afdeling 3.2.

### 3.1.2 Kunswedstryd / Eisteddfods: Voordrag / Sang / Kuns / Instrumentaal

- Leerders kan punte kry vir elke hoogste simbool/sertifikaat van die onderskeie kategorieë waarin hy/sy deelgeneem het, bv. Instrumentaal, vokaal, drama, kuns en voordrag, aangesien dieselfde werk by verskillende kunswedstryde/eisteddfods gelewer kan word en daar dus vir dieselfde werk, meer as een punt verkry kon word.
- Bewyse van deelname moet by die kultuurhoof ingehandig word vir doeltreffende kontrole.

| | |
|---|---|
| Afdelingwenner van graad 1-7 laerskole | 15 punte |
| Trofeewenner / Kategoriewenner | 13 punte |
| Itemwenner | 12 punte |
| Goud: A++ | 10 punte |
| Goud: A+ | 8 punte |
| Goud: A | 7 punte |
| Goud: A- | 6 punte |
| Silwer: B+ | 5 punte |
| Silwer: B | 4 punte |

- Slegs Pretoria Eisteddfod, Conspirito Eisteddfod, Pierneef Kunstefees en Centurion Kunstefees kwalifiseer vir bg. puntetoekennings, afhangend vir watter van die kompetisies ingeskryf word. In ander kompetisies kry 'n leerder slegs 3 punte vir deelname, aangesien dieselfde werke ingeskryf kan word.
- Slegs die hoogste prestasie behaal in elke afsonderlike afdeling, naamlik instrumentaal, vokaal, kuns, voordrag, word in aanmerking geneem vir toekenning van die kultuur-trofeë.

### 3.1.3 Marimba-orkes

| | |
|---|---|
| Getroue deelname | 10 punte |

- Getroue bywoning van oefeninge en optredes is 'n vereiste.
- Indien daar aan Eisteddfod of ander kompetisies deelgeneem word, ontvang leerders addisionele punte soos wat in 3.1.2 bespreek word, volgens die kriteria van die simbool wat verwerf is.

#### 3.1.4 Redevoering

**Berekening van trofeë-wenners:**

- Sien 2.5 vir die berekening van die redenaarstrofeë.
- Leerders se punte vir die algemene kultuurtrofeë word op grond van 'n glyskaal in ag geneem.

| **Totale punt ontvang vir Redevoering** (Deelname aan kompetisies en prestasies behaal) | **Punt** |
|---|---|
| 6 – 14 punte | 5 |
| 15 – 24 punte | 7 |
| 25 – 34 punte | 8 |
| 35 – 44 punte | 10 |
| 45 – 54 punte | 12 |
| 55+ punte | 15 |

#### 3.1.5 Massa-revue / Talentaande / Operette / Kersspel

- Getroue bywoning van oefeninge is 'n vereiste.

| | |
|---|---|
| Deelname | 5 punte |
| Enkelkarakter | 10 punte |
| Hoofkarakter | 15 punte |

#### 3.1.6 Skoolkoerant

| | |
|---|---|
| Redaksielid (per kwartaal) | 3 punte |

#### 3.1.7 VCSV

| | |
|---|---|
| Kringleier | 10 punte |
| Hulpkringleier | 5 punte |

#### 3.1.8 Voortrekkers

| | |
|---|---|
| Lid en 30-39 bywoningspunte | 8 punte |
| Lid en 40-49 bywoningspunte | 9 punte |
| Lid en 50 + bywoningspunte | 10 punte |

#### 3.1.9 Tygie-toneel

- Leerders ontvang punt vir 'n hoof-of bykarakter.

| | |
|---|---|
| Hoofkarakter | 10 punte |
| Bykarakter | 8 punte |

- Indien die toneelgroep met die kompetisies deurdring na provinsiale of nasionale rondtes, ontvang die hele groep medaljes vir die prestasie.

#### 3.1.10 Pom-Poms

| | |
|---|---|
| Deelname vir die hele jaar | 10 punte |

- Getroue bywoning van oefeninge en optredes is 'n vereiste. 'n Minimum van 80% bywoning word verwag om erkenning te ontvang.

#### 3.1.11 Revue-groep

| | |
|---|---|
| Getroue deelname | 10 punte |

- Getroue bywoning van oefeninge en optredes is 'n vereiste.
- Indien 'n kompetisie gewen word, kan addisionele punte as volg verdien word:

| | |
|---|---|
| Streekswenners | 5 punte |
| 2de plek in die streek | 3 punte |
| 3de plek in die streek | 1 punt |
| Nasionale wenners | 10 punte |
| 2de plek nasionaal | 6 punte |
| 3de plek nasionaal | 2 punte |

3.1.12 **Lofprysingsdansers**

| | |
|---|---|
| Getroue deelname | 10 punte |

- Getroue bywoning van oefeninge en optredes is 'n vereiste. 'n Minimum van 80% bywoning word verwag om erkenning te ontvang.

### 3.2 Buite-skoolverband

Tensy anders gestipuleer, word punte vir hierdie kultuuraktiwiteite, waar deelname buite skoolverband is, slegs in berekening gebring indien daar 'n staking van punte is vir die toekenning van die kultuurtrofeë. Merietepunte vir kultuuraktiwiteite is ten eerste ingestel om deelname aan kultuuraktiwiteite binne skoolverband aan te moedig.

#### 3.2.1 Streekkore en ander kunstefeeste of kompetisies waarvoor die skool nie ingeskryf het nie

- Punte word slegs in berekening gebring met staking van punte vir die kultuurtrofeë.
- Bewys van getroue deelname/ beoefening moet hiervan gelewer word.

| | |
|---|---|
| Deelname | 1 punt |

- Addisionele punte kan op die volgende wyse verdien word deur prestasie/ sertifikate op kunswedstryde / Eisteddfods:

| | |
|---|---|
| Afdelingwenner (graad 1-7) Laerskole / SA-komposisie | 15 punte |
| Trofeewenner / Kategoriewenner | 13 punte |
| Itemwenner | 12 punte |
| Goud: A++ | 10 punte |
| Goud: A+ | 8 punte |
| Goud: A | 7 punte |
| Goud: A- | 6 punte |
| Silwer: B+ | 5 punte |
| Silwer: B | 4 punte |

- Leerders kan punte kry vir elke hoogste simbool/ sertifikaat van die onderskeie kategorieë waarin hy/sy deelgeneem het, aangesien dieselfde werk by verskillende kunswedstryde/ Eisteddfods gelewer kan word en daar dus vir dieselfde werk meer as een punt verkry kon word.

#### 3.2.2 Musiek- en teorie-eksamens: (Unisa / Trinity College)

- Punte word slegs in berekening gebring met staking van punte vir die kultuurtrofeë.

| | |
|---|---|
| Met lof geslaag | 3 punte |

#### 3.2.3 Deelname aan die kinderkoor of streekkoor

- Deelname aan die Pretoria se kinderkoor of streekkoor word in aanmerking geneem, selfs voordat daar 'n staking van punte vir die kultuurtrofeë is, met die voorwaarde dat die leerder in die skoolkoor ook sing.

| | |
|---|---|
| Punte vir deelname (indien die leerder in die skoolkoor ook sing): | 5 punte |

- Indien daar 'n staking van punte is vir die toekenning van die kultuurtrofeë, sal deelname aan die bogenoemde kore in ag geneem word, al is die leerder nie deel van die skoolkoor nie en kan die addisionele punte dan daarvoor toegeken word.